Reuse-Dwaal-Krapspinnekop soos bv. *Olios correvoni nigrifrons*

↙Kyk, as dit met JOU gebeur, ……en dit **kan**, want hierdie baie groot spinnekoppe dwaal rond, het nie ‘n vaste tuiste nie en is snags op pad om kos te soek, dan …

Bedags sit hulle in ‘n donker skuiling, dikwels tussen twee blare in ‘n boom wat saamgevoeg is met sydrade of ook onder ‘n klip of tussen growwe ou boombasstukke.

Ek kry hulle dikwels in droë opgerolde blare in die lemoenbome. As jy die rolletjie oopmaak, spring die spinnekop skielik uit (‘n mens skrik nogal) en bly doodstil op die grond sit; sy kleurpatroon versmelt so met die grond, dat jy die spinnekop skaars raaks

‘n Ander gewilde skuilplek is in ou neste van sosiale versamelnes-spinnekoppe. Daarin maak hulle vir hulself ‘n snoesige kamertjie, uitgelê met ‘n lagie sy; dalk oorwinter hulle ook daarin (het hulle in laat winter daar gekry).

Soos jy op die toiletrol bo kan sien, is hierdie soort spinnekoppe GROOT met ‘n liggaamslengte van tot 2 cm en ‘n deursnee (met uitgestrekte bene) van tot 5 cm. Die agt bene sit sywaarts teen die lyf (soos by ‘n krap). Hulle is vinnig op pad, want hulle is jagters (in Engels Huntsman spiders), en veral in die lente en somermaande kan jy hulle snags buite op die grond of op plante sien.. Dwaal krapspinnekoppe gebruik nie ‘n vangweb nie.

As hulle bedreig voel, tel hulle die eerste of selfs die eerste twee paar bene in ‘n aggressiewe houding hoog op. Hulle kleur is gewoonlik strooigeel/-bruin. Waar die agterlyf teen die kopborsstuk raak, sien ons op die bokant van die abdomen in die middel die hartvlek (onder hierdie vlek sit die hart van die spinnekop). Die oë is blinkswart en in twee reguit rye van vier ogies elk gerangskik. Die spinnekoppe se gif is vir mense nie gevaarlik nie.

Soos alle spinnekoppe vervel hulle van tyd tot tyd en ‘n mens kom soms op so ‘n “ou broek” af (hierdie ene lê op brak by ‘n pan…dis nie sneeu nie).

In die somer word die eiers gelê en in ‘n kokon gepak en tussen blare mooi weggesteek, waar dit veilig is. Die kleintjies kom gewoonlik in die lente uit en vertoef in die nes tot hulle groot genoeg is om dit te verlaat en op hulle eie aan te gaan.

Olios spinnekoppe behoort aan die groot familie van *Sparassidae.* Hulle kom in die warmer dele van die wêreld voor en kan tot in woestyne klaarkom ten spyte van die hitte en die droogte. Hiervoor is hulle goed aangepas, bv. deur middel van hare op bene, pote en kaaktasters. Die bekendste *Sparassid* van Namibië is die **Dancing White Lady** van die

duine in die Namib en die **Golden Wheel Spider,** wat sy bene styf optrek teen die lyf en dan so op ‘n knop getrek die duine afrol.

Ander *Olios* spesies:

Hierdie twee *Olios* spesies het ek ook in ou neste van fluweelspinnekoppe (*Stegodyphus dumicola)* gekry. Hierdie neste sit gewoonlik in doringbosse op die punt van takke.

Om **versigtig** te wees met spinnekoppe is **goed.** Om

Inligtingsbronne:

GOGGAgids (Ansie D.Schoeman, Erik Holm)
of the Kalahari (Ansie D.-Schoeman, Almie van den Berg)
Spiders (Martin R.Filmer)
(Martin Filmer revised by Norman Larsen)
Spiders
Southern African
Filmer’s Spiders
Toktok Talkie (Joh R. Henschel)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

September 2020